Soete sonde.indd 1 11/12/2019 11:52:59

Soete sonde.indd 2 11/12/2019 11:52:59

Soete sonde

Saamgestel deur

Lizz Meiring

Soete sonde.indd 3 11/12/2019 11:53:01

© Teks: Die skrywers
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10.5 op 14 pt Garamond
deur LAPA Uitgewers
Teksredakteur: Marietjie van Rooyen
Omslagontwerp: Ian Dennewill
Gedruk en gebind deur Novus Print,
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2020

ISBN 978-0-7993-9612-6 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-9613-3 (ePub)
ISBN 978-0-7993-9614-0 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Inhoud

Voorwoord – Lizz Meiring 7

Om 'n pynappel te eet – Clari Niemand 9
Die transaksie – Miles Griffiths 15
Waar in die Himalaja is my vrou se perd nou? – Mafunyane Rossouw 19
Oom Fanus se sonde – Johann Smith 26
Tussen die oond en die yskas – Ryno Eksteen 28
Sint Sjokolindt – Cecilia du Toit 33
Die restaurant sonder kos – B Clarke 52
Liesbet se sjokolade – Brechje Visagie 60
Wonderbar – Belinda Nel 66
Soet limerieke – Lizette Murray 73
Om die blok – MC Botha 75
Prinses – Tilla Diederichs 84
Die man sonder naam – Chrissie Naudé 87
Die uitnodiging – Henque Heymans 91
Liefste meneer Sjokolade – Clarissa Benade 101
Die reuk van belofte in die lug – Gielie Hoffmann 107
Sjokolade, bitter water – Johann du Toit 110
Nog soet limerieke – Monja Beyers 114
Die innerlike verleiding van Joanna Brandt – Paula Pereira 116
Oupa en die tjoklits – Willem van der Walt 120
Jade en William – Johann Smith 127
Chocolate – Jak de Priester 138

Biografieë van skrywers **147**

Soete sonde.indd 6 11/12/2019 11:53:02

Voorwoord

LIZZ MEIRING

In 2017 het Theatrerocket Produksies tweehonderd bekende én onbekende skrywers gevra om 'n kort teks oor sjokolade en hul ervaring daarvan te skryf. Uit dié tekste is daar 'n stuk of twaalf gekies vir die teaterstuk *Die Sjokoladeshow* onder regie van Henrietta Gryffenberg. In die rolverdeling was Lizz Meiring, Jak de Priester en, as musikant en musiekregisseur, Heinrich Pelser. Innibosfees het as opdraggewende vervaardiger aan boord gekom en *Die Sjokoladeshow* het sy première by Innibos 2019 gehad. Dié produksie is by verskeie ander feeste en venues met groot sukses opgevoer.

Maar wat van al die ander bydraes wat nie noodwendig teatermatig is nie, maar tog goeie prosa is? Die teatertekste wat opgevoer is en 'n keur uit die ander bydraes is in dié bundel saamgevat. Ek het as samesteller weer deur al die tekste gelees en 'n interessante verskeidenheid gekies: kwaliteitbydraes wat verskillende smake sou bevredig. Hoe lui die een bekende sjokolade-advertensie se klinkreël nou weer? Elkeen het hul eie gunsteling-gunsteling.

Smul gerus aan die bittersoet stories wat jou sal laat lag en huil, jou sal skok en tot nadenke sal dwing.

Soete sonde.indd 7 11/12/2019 11:53:03

Soete sonde.indd 8 11/12/2019 11:53:03

Om ’n pynappel te eet

CLARI NIEMAND

Oupa Joe: “Ag, ek wou net navraag doen oor die sjokolade. Ek meen, die lewenslange voorraad sjokolade vir Charlie. Wanneer kry hy dit?” — Roald Dahl in *Charlie and the Chocolate Factory*

“Op die ou end kry ons elkeen ons eie Armageddon.”

Lise-Mari sê maar niks. Dis nie dat sy in wese van Thomas verskil nie. Dis net dat die grootste, onvermydelikste waarheid steeds onrealisties voel hier waar sy hom geselskap hou in die hospitaal se verlepte rokerstuintjie. Hy kan dit wraggies nou nog nie regkry om op te hou nie, ondanks alles.

Seker eintlik juis omrede alles.

Sy breek vir hom ’n blokkie van haar sjokolade af.

Hy skud sy kop.

Sy mond is seer en sy aptyt weg. “Ek het vanoggend die vrugteslaai geëet waarvoor Anneke nie kans gesien het nie, en daar is duidelik ’n paar dorinkies oorgeslaan met die afskil van die pynappels. Dit het ek nou daarvan: ’n branderige tong en verhemelte wat mens laat verstaan van die pyn in pynappel.”

Soete sonde.indd 9 11/12/2019 11:53:03

Of dalk is dit die gedagte aan sy dogter daar in die kindersaal in Onkologie wat hom oorbewus maak van sy eie onbenullige pyn, onwillekeurige fisieke empatie met die kind se mond die ene sere ná die chemo-sessie.

Lise-Mari buig weer oor die selfoontjie in haar hand waarop sy nou net vir hom die nuus gelees het van 'n terreuraanval by 'n moskee in Egipte. Die nuutste in 'n hele rits tragedies vanjaar, met die hoogste dodetal nog: meer as driehonderd mense dood, en die helfte soveel gewond.

"Dit word ook net al kleiner en kleiner," merk hy op.

Verward kyk sy op van die rampstatistiek op haar foon. Dis nie hoe sy dit sien nie.

Maar Thomas se fokus is op die papiertjie van die blok melksjokolade wat sy op die tafel neergesit het: "Ek sien 'n honderdgramplak tjoklit weeg nou net tagtig gram," verduidelik hy. "En dis nou nie asof die prys juis afgekom het nie, nè?" Hy blaas rook uit, skuins anderkant toe asof dit die aanstoot waarvan hy heimlik bewus is, minder sal maak.

Sy maak asof sy dit nie sien nie en praat liewer oor die sjokolade: "Dis 'n pyn, ja, want al die resepte met sjokolade wat ek nog al die jare maak, vra altyd vir 'n honderdgramblok."

Thomas tik sy sigaretas teen die kant van die betontafeltjie af. "Krimpflasie, dink ek noem hulle dit. Skroef die verbruiker deur die hoeveelheid met twintig persent te verminder, terwyl die prys kamtig met net tien persent opgaan."

Sy probeer 'n silwer randjie soek. "Hulle wil ons vroumense maar net help om mooi maer te bly."

"Vet kans!" snork Thomas.

Amper glimlag hulle tog.

Die sjokolade wat Lise-Mari sit en eet, is nie die duur soort met 'n Switserse naam of 'n Belgiese geheim nie. Dis gewone kommin tjoklit, van die soort wat jy by die Spar koop wanneer dit op special is sodat jy nie sleg voel omdat daar nou drie plakke sjokolade (vir die prys van twee) in jou mandjie gespring het nadat jy die broodrak

Soete sonde.indd 10 11/12/2019 11:53:03

met skrefiesoë gefynkam het op soek na die heel goedkoopste bruinbrood nie. Hierdie een het sy nou wel van die hospitaal se snoepietrollie af gekoop vir dubbel die prys van 'n brood.

Thomas se oë word sag. "Weet jy, toe ons laas jaar by die eks se Nieu-Seelandse familie gaan kuier het, was ons by die Cadbury-fabriek in Dunedin. Dit was vir Anneke die hoogtepunt." Hy haal sy selfoon uit en vee met sy vinger op soek na die herinnering van sy stralende dogtertjie voor 'n reusekraan waaruit gesmelte sjokolade in 'n tregter so groot soos 'n swembad vloei.

En nog een van Anneke met 'n tjoklit-gesig en 'n bakkie sjokolade in elke hand.

"Mens kon regtig soveel daarvan eet as waarvoor jy kans sien, maar min mense kom verder as een bakkie vol! Nie Anneke nie – sy het bakkie ná bakkie verorber asof haar lewe daarvan afhang. Wie sou kon geraai het die gewas het toe al begin groei …" Sy stem word dun en raak weg.

Sonder meer trek Lise-Mari los: "Liewe land! Dit lyk soos iets uit *Charlie and the Chocolate Factory*!"

Thomas knip gou sy trane weg, soos hy die afgelope tyd aanmekaar doen. Die Groot Seer sit heeltyd agter mens se ooglede, en in jou keel, en op jou tong, en dwarsdeur al jou derms, maar mens moet mos positief bly. Jy verander ratte en praat oor gewone dinge en maak asof die wêreld nog draai.

En mens is 'n man. You bite the bullet – en gaan aan.

Dit sou gehelp het as Roxanne nog hier was. Maar sy is Nieu-Seeland toe, agter die donnerse Kiwi-poephol aan wat sy tydens daardie vervloekte reis ontmoet het, en wat vir haar belangriker as haar huwelik van sewentien jaar is – en selfs as haar kind.

Saam met die trane, byt hy die magtelose woede weg.

Hy lag 'n bitter laggie. "Daardie sjokoladestroom – omtrent twee verdiepings hoog! – is eintlik 'n fopmengsel wat heeltyd gesirkuleer word, net vir die vertoon. Maar ek kan nie stry nie: dis 'n indrukwekkende bemarkingsfoefie wat jou laat gryp na die naaste ding wat na kakao ruik!"

Soete sonde.indd 11 11/12/2019 11:53:03

"Klink na iets waarin ek sou wou duik en met liefde in versuip," merk Lise-Mari op en prop nog 'n blokkie sjokolade in haar mond.

Thomas vryf met sy seer tong oor sy rou verhemelte. Dalk moet hy tog maar 'n stukkie proe.

"Proe die tjoklit daar anderkant nes hier by ons?" wonder Lise-Mari hardop voor hy kan vra.

"Nogal nie," antwoord Thomas. "Dis seker die melk daar: Dis beslis ryker. Tog dink ek ons s'n is lekkerder. Maar daar is 'n paar ander goed wat hulle daar maak en wat mens nie hier kry nie: Jaffas, sulke sjokoladeballetjies met 'n harde lemoen-binnekant, en pineapple lumps, so 'n toffierige pynappelding in donkersjokolade. On-ge-loof-lik lekker!"

Lise-Mari sit steeds met die selfoon in haar hand, soos 'n kuberverslaafde 2000's-zombie, en google beskrywings en prentjies. "Ja, die pineapple lumps lyk vrek lekker!"

"Chocolate-coated, lekkerder as regte pynappel, en dit het nie bleddie dorings nie." Thomas het klaar gerook en hy raak van die stompie en van sy leë sigaretpakkie ontslae. "Ek weet ek moet ophou. Ek moes al lankal opgehou het. Anneke het dit nog altyd verpes.

"En die laaste tyd wonder ek … Is die kanker my skuld? Verslawing is 'n boggher."

Sy kry hom jammer, maar weet nóú is nie regtig die tyd om saam te stem óf te verskil nie. Die kitsargief in haar handpalm bring 'n uitkoms: "Haai, nee! Ek lees hier daai Cadbury-fabriek in Dunedin maak volgende jaar toe – ná byna honderd-en-vyftig jaar. Die gemeenskap het nou skarebefondsing geloods om die fabriek en die werksgeleenthede te probeer red."

Thomas sug. "Oorlog, terreur, werkloosheid, fabrieke wat toemaak … die wêreld is in sy moer in."

Lise-Mari hou die halfgeëte plak sjokolade na Thomas toe uit. "Wel, ons het darem nog tjoklit! Vat 'n hap." Sy waai die sjokolade voor hom. "Ou pynappelbek, het jy geweet ek het op die internet gelees," (en sy gee 'n ironiese kyk na die selfoon wat so

Soete sonde.indd 12 11/12/2019 11:53:03

goed as aan haar hand vasgegroei het) "sjokolade het 'n strelende uitwerking op mondsere? Komaan, dis wetenskaplik bewys. Die internet sê so!"

Jip, verslawing is 'n boggher, glimlag sy skeef. Almal het maar 'n troetel-verslawinkie.

Thomas breek 'n stukkie melksjokolade af en laat dit versigtig op sy tong smelt. Die laaste paar maande was hel. Hy het sy werk verloor, hy moes dringend afskaal: die huis verkoop, die BMW vir 'n kleiner tweedehandse kar verruil, die krane toedraai. Toe vat Roxanne boonop die pad. En net toe hy dink die lewe het nie nog vullis om oor sy kop uit te strooi nie, dié ding met Anneke.

Hy weet nie wat hy sou gedoen het as hierdie sussie van hom nie daar was nie. Toe hy die bodem slaan, kon hy en Anneke by haar gaan bly. Die eerste aand in haar woonstel het hy gewens hy kon 'n einde aan alles maak.

Tot ná middernag het hulle gesit en praat, en het sy hom sonder veroordeling soos 'n kind laat huil. Toe sy hom uiteindelik bed toe stuur, het sy moederlik 'n verdwaalde stukkie sjokolade iewers uit 'n kombuislaai opgediep. Daar was net een blokkie. Een magic blokkie sjokolade, net genoeg troos om krag te gee sodat hy kon ophou tjank en nog 'n dag aangaan.

"Anneke mag mos sjokolade eet, met die chemo saam?" Lise-Mari se stemtoon ruk hom na die hospitaaltuintjie terug.

"Die dokters het gesê Anneke mag eet net waarvoor sy kans sien, solank sy eet. Sy is vandag baie naar, maar volgende week gaan dit weer beter. Sy moet eet, dat sy sterker kan word."

Lise-Mari vou die laaste paar gram melksjokolade in die papiertjie toe. "Dit is Anneke s'n."

Hulle stap na die onkologiesaal terug waar Thomas sy dogtertjie se hand sal vashou solank die medisynegif deur haar maer lyfie werk, terwyl Lise-Mari moet terugjaag na haar verpligtinge in die wilde, fucked-up wêreld.

Hoe eet mens 'n olifant? Happie vir happie, sê hulle.

En 'n pynappel?

Soete sonde.indd 13 11/12/2019 11:53:03

Thomas kyk na die stuk sjokolade in sy hand. Nie sonder sjokolade nie. En dan blokkie vir blokkie. Hy steel nog 'n stukkie en laat die soetigheid toe om vir een kort oomblik die enigste ding te wees wat saak maak. En toe kan hy sweer sy verhemelte is glad nie meer so seer soos wat dit netnou was nie.

Soete sonde.indd 14 11/12/2019 11:53:03